Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# HOOGTEPUNTE
# uit die
# REKTOR SE BESTUURSVERSLAG
# aan die
# RAAD

Maandag 24 Junie 2024

Prof Wim de Villiers,
Rektor en Visekanselier

Inhoudsopgawe

**BESTUURSOPSOMMING** .......... 2
**HOOGTEPUNTE UIT DIE REKTOR SE BESTUURSVERSLAG** .......... 6
**1. Verkiesing van nuwe ondervoorsitter van die Raad** .......... 6
**2. Herfsgradeplegtighede 2024** .......... 6
**3. Oorsig van voorgraadse inskrywings in 2024** .......... 7
**4. Voorgraadse studentewerwing vir 2025 in volle gang** .......... 7
**5. Maties Sport vinnig uit die blokke** .......... 8
**6. US die tuiste van Afrika se eerste Beleidsinnovasielaboratorium** .......... 9
**7. Stadspleinprojek sal transdissiplinêre innovasie bevorder** .......... 10
**8. SUNRISE ’n nuwe daeraad vir uitnemendheid by die US** .......... 10
**9. Gesamentlike viering van onderrig, leer en assessering** .......... 11
**10. Ál hoe meer belangstelling in ons handelsmerk-identiteit** .......... 11
**11. Opleiding van welstandsambassadeurs aan die gang** .......... 12
**12. US Gesondheid- en Welstandsimposium ondersoek institusionele sorgkultuur** 12
**13. Hou ’n wakende oog oor kampusmisdaadtendense** .......... 12
**14. Hou tred met ons ‘voedselspoor’** .......... 13
**SLOT** .......... 13
**MEDEWERKERS** .......... 13

## BESTUURSOPSOMMING

Die strewe na gesamentlike oplossings vir van die grootste uitdagings van ons tyd. Dít was ’n belangrike dryfveer van ons navorsing- en internasionaliseringsagenda gedurende die eerste ses maande van die akademiese jaar 2024.

Ek het by die vorige Raadsvergadering verslag gedoen oor die formidabele vennootskap tussen die Universiteit Stellenbosch (US) en die Universiteit van Groningen. Dié vennootskap is in April verder versterk met bilaterale samesprekings. Kernelemente van die vennootskap is gesamentlike PhD-programme, gesamentlike nadoktorale genootskappe, voorgraadse studentemobiliteit, die uitbreiding van eksterne finansieringsgeleenthede, samewerking tussen akademiese eweknieë, en die uitruiling van beste praktyk vir onderwysinnovasie en impakryke vennootskappe.

Boonop het ons in Mei verder voortgebou op die US se vennootskapsnetwerk deur dieper te delf in ons deelname aan die Suid-Afrika–Swede-universiteitsforum (SASUF), wat 40 universiteite van oor die hele Swede en Suid-Afrika byeenbring. Deur hierdie transformerende navorsingsprojek kombineer navorsers, dosente, studente en universiteitsleiers hulle kundigheid en hulpbronne om na gesamentlike oplossings te soek vir:

- klimaatsverandering, die bewaring van natuurlike hulpbronne, en volhoubaarheid;
- onderwys vir 'n volhoubare samelewing;
- die siektelas in Swede en Suid-Afrika;
- volhoubare verstedeliking; en
- kubersekuriteit en die innoverende gebruik van digitale tegnologieë en groot data.

In dié verband plaas die baanbrekerwerk van ons Skool vir Klimaatstudie en ons Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, tesame met ons uitgebreide navorsingsprogramme oor geneeskunde en gesondheid, die US aan die voorpunt van navorsing wat lewens kan verander, sowel plaaslik as in die buiteland.

SASUF word gefinansier deur die Sweedse Stigting vir Internasionale Samewerking in Navorsing en Hoër Onderwys (STINT) en die 40 vennootuniversiteite self, met finansiële bystand van die Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingstigting.

**Brei ons Afrikavoetspoor uit**

Ons het op 17 en 18 April saam met die Universiteit van Pretoria die heel eerste THE Pan-Afrika-universiteitsberaad aangebied. Die beraad het gekonsentreer op volhoubaarheid, gelykwaardige navorsing, en relevansie vir die werkplek – alles belangrike oorwegings in die groter diskoers oor die toekoms van hoër onderwys in Afrika. Kenners uit die streek se tersiêre onderwys-, nywerheid- en beleidsektore het die geleentheid bygewoon.

Afrika-universiteite het 'n beduidende rol te speel in hoër onderwys wêreldwyd, waaronder kennisskepping en -uitruiling, vermoëbou en studentemobiliteit. Deur aktief aan die internasionale hoëronderwyssektor deel te neem, help bevorder Afrika-instellings kennis, menslike kapitaal en volhoubare ontwikkeling op die vasteland én in die res van die wêreld.

**Gelykwaardige navorsingsvennootskappe vir Afrika-universiteite**

Universiteite wêreldwyd plaas ál hoe meer klem op navorsing wat met die Verenigde Nasies se 17 volhoubare ontwikkelingsdoelwitte en die Afrika-unie se Agenda 2063 strook. Boonop wil universiteite toenemend hulle navorsing- en samelewingsimpak versterk deur internasionale samewerking, deelname aan internasionale universiteitsnetwerke, en lidmaatskap van universiteitskonsortiums.

Soos ek al voorheen genoem het, is ons 'n aktiewe deelnemer aan, en 'n erkende leier in, die Afrika-Europa-klusters van navorsingsuitnemendheid (CoRE's), 'n inisiatief van die Afrikanavorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA) en die Gilde van Europese Navorsingsintensiewe Universiteite (die Gilde). Gevolglik is die US goed geplaas om deur ons transkontinentale navorsingsnetwerke aansienlik tot Afrika se navorsingsuitset by te dra en terselfdertyd volhoubaarheid, innovasie en werkgereedheid in ons streek te verbeter.

Nogtans is die kwessie van gelykwaardige vennootskappe van kernbelang vir Afrika-universiteite se deelname aan navorsingsamewerking. Dié aangeleentheid is al by verskeie geleenthede geopper, en ek het dit op 24 Mei as 'n gasspreker by die Gilde se Algemene Vergadering in Groningen aangeroer. In my aanbieding het ek klem gelê op die volgende belangrike vereistes om weg te doen met die historiese wanbalanse en magsdinamiek wat navorsingsvennootskappe tussen Afrika en Europa dikwels kenmerk:

- **Gelyke toegang tot finansiering**: In die soeke na finansiering kom Afrikanavorsers steeds voor aansienlik meer hindernisse as hulle Europese eweknieë te staan. Die CoRE's beoog om hierdie ongelyke toegang tot navorsingsfinansiering te hanteer deur voorspraak te doen vir 'n meer geïntegreerde finansieringsbenadering wat die billike verdeling van hulpbronne prioritiseer. Dít sorg dat Afrika-instellings ten volle kan deelneem aan, en ewe veel voordeel trek uit, navorsingsprojekte.
- **Vermoëbou**: Europese instellings het histories beter infrastruktuur en hulpbronne as hulle Afrika-eweknieë. Ook hiér wil die CoRE-klusters verandering teweegbring deur Afrikanavorsingsvermoë te bou en opleiding, infrastruktuur en bystand te voorsien aan jong navorsers, waaronder magister- en PhD-studente. Hierdie pogings is noodsaaklik om 'n volhoubare en selfonderhoudende navorsingsomgewing op ons vasteland te ontwikkel.
- **Insluiting en verteenwoordiging**: Om te sorg dat Afrikanavorsers op gelyke voet aan navorsingsvennootskappe deelneem, moet hulle nie net as bydraers nie, maar as medeleiers en -besluitnemers betrek word. Die CoRE's beklemtoon die belang van insluiting deur navorsers van 'n wye verskeidenheid instellings in sowel Europa as Afrika byeen te bring om diverse en verteenwoordigende deelname te verseker.
- **Langtermynverbintenis**: Betekenisvolle samewerking verg volhoubare en langtermynvennootskappe vol vertroue, langdurige institusionele steun, en 'n vaste verbintenis deur navorsers. Die CoRE-benadering bevorder dít deur te sorg dat samewerking nie net eenmalig gebeur nie, maar op blywende verhoudings berus wat oor tyd kan aanpas en groei.

### Herfsgradeplegtighede

Ons het 3 066 kwalifikasies by ons gradeplegtighede in Maart 2024 verleen. Altesaam het ons dus 8 875 kwalifikasies vir die akademiese jaar 2023 toegeken, wat 2,4% meer is as in 2022 (8 666). 'n Totaal van 319 doktorsgrade is verleen – die meeste sedert 2020.

Ons het in Maart ook eredoktorsgrade verleen aan proff James Robinson en Leonard Wantchekon vir hulle onderskeie bydraes tot wetenskap vir die samelewing.

### Fondswerwingsprestasie in die eerste kwartaal van 2024

Danksy die doelgerigte fondswerwingspogings van ons Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge het ons in die eerste kwartaal wéér ons eie rekord vir filantropiese fondswerwing verbeter. Die tabel hier onder bied 'n kitsvergelyking:

| **Kwartaal 1, 2023** | **Kwartaal 1, 2024** |
|---|---|
| • Filantropiese inkomste: R121 m | • Filantropiese inkomste: R124,5 m |

| | |
|---|---|
| • Nie-filantropiese inkomste:* R3,8 m<br><br>**TOTAAL: R124,8 m** | • Nie-filantropiese inkomste:* R1,6 m<br><br>**TOTAAL: R126,1 m** |

*Sektorale onderwys- en opleidingsowerhede (SOOO's) en swart ekonomiese bemagtiging (SEB).

Die grootste persentasie van ons skenkingsinkomste (44%) het uit die trust- en stigtingsektor gekom, gevolg deur die korporatiewe sektor (22%) en erflatings (21%). Individuele skenking vir dié tydperk het 7% van skenkingsinkomste uitgemaak.

**Opedag met die oog op inname 2025**

Die US se jaarlikse Opedag, wat op 20 April op sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus aangebied is, het nogeens bevestig dat die Universiteit 'n voorkeurstudiebestemming is. Hiervan het die 40 000 besprekings vir die fakulteitsinligtingsessies getuig. Aangesien die vraag na die inligtingsessies ons huidige kapasiteit oorskry, sal ons spanne die programformaat vir volgende jaar heroorweeg. Bykans 6 000 plekke is vir sessies op Tygerbergkampus bespreek, en die Fakulteit Ingenieurswese alleen het meer as 8 000 besprekings ontvang.

**Eerste lys CIRCoRe-aanbevelings**

Sedert die Komitee vir die Institusionele Reaksie op die (Khampepe-)Kommissie se Aanbevelings (CIRCoRe) ingestel is, het die onderskeie werkstrome uitgebreide werk onderneem om die probleemgebiede wat die Khampepe-verslag uitgelig het te hanteer. Die gesamentlike beheerkomitee het 'n eerste lys aanbevelings van die individuele werkstrome opgestel en vir verdere oorweging en goedkeuring by die Rektoraat ingedien.

Die lys aanbevelings sluit die volgende in:

- Dat die proses van oorlegpleging, aanbeveling en goedkeuring vir die onlangs bygewerkte en geïntegreerde beleid oor onbillike diskriminasie, geslagsgebaseerde geweld en MIV/vigs onverwyld 'n aanvang neem.
- Dat die regulasies oor gevallebestuurshantering en -prosedures in 'n aparte dokument of plan afgehandel word eerder as in die beleid, en dat die betrokke viserektor dit goedkeur.
- Dat voormelde regulasies nagegaan of bekragtig word deur die CIRCoRe-werkstroom gemoeid met die vereenvoudiging en belyning van US-strukture, -beleide en -regulasies, sowel as die Institusionele Transformasiekomitee.

**Skram nie weg van ons uitdagings nie**

Ondanks 'n paar moeilike uitdagings met die implementering en inwerkingstelling van ons **SUNStudent**-stelsel, dui die jongste verslae daarop dat datarehabilitasie goed op dreef is. Terwyl die data reggestel word, word baie van die ander haakplekke ook sommer uitgestryk. Nuwe funksies word boonop binne knap spertye getoets. Die plan is uit die aard van die saak om alle huidige kwessies betyds vir studente-inname en -registrasie in 2025 op te los.

Wat die implementering van **SUNFin** betref, behoort die huidige sterk klem op die module vir projekte en toekennings, en veral ook die integrasie van die navorsingsgemeenskap, die uitstaande kwessies wat Senaatslede geopper het uit die weg te ruim.

Daarbenewens staan ons instelling voor die uitdaging om **meer nuwelingvrouestudente in US-koshuise te plaas** in die lig van die toename in vroueaansoekers vergeleke met die beskikbare koshuisplekke. 'n Verhouding van 60/40 ten gunste van vroueaansoekers is voorgestel. Om te sorg dat alle tersaaklike faktore in ag geneem word, het die Rektoraat besluit om oorlegpleging met die betrokke rolspelers in dié verband uit te stel totdat die aanbevelings van die CIRCoRe-werkstroom oor die studentelewe en die verslag van die Wilgenhof-ondersoekpaneel beskikbaar is.

Laastens is 'n spesiale Senaatsvergadering op 30 April gehou waar verdere samesprekings gevoer is oor die **voorgestelde resolusie oor die Israel-Gaza-konflik** wat lede by die vorige Senaatsvergadering ter tafel gelê het. Vir die uitslag van die stemming by die spesiale vergadering, klik hier.

Benewens my bestuursverslag aan die Raad, is dit ook ons gewoonte dat lede van die Rektoraat beurte maak om by Raadsvergaderings 'n verslag voor te lê. Prof Nico Koopman, ons Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, doen dié keer verslag oor werksaamhede in sy portefeulje die afgelope jaar.

My verslag handel oor die tydperk Maart tot Mei 2024, tensy daar anders aangedui word.

## HOOGTEPUNTE UIT DIE REKTOR SE BESTUURSVERSLAG

In die paragrawe hier onder bied ek hoogtepunte uit my bestuursverslag. Raadpleeg gerus die bylaag vir 'n vollediger kykie na die bydraes van die verskillende verantwoordelikheidsentrums.

### 1. Verkiesing van nuwe ondervoorsitter van die Raad

By die Raadsvergadering van 15 April is Nadine Moodie as nuwe ondervoorsitter van die Raad verkies. Dít is die eerste keer in ons universiteit se meer as 105-jarige bestaan dat sowel die voorsitter as ondervoorsitter van die Raad vroue is.

### 2. Herfsgradeplegtighede 2024


Die US het by die gradeplegtighede van 25 tot 28 Maart altesaam 3 066 kwalifikasies verleen. Dít bring die totale kwalifikasies vir die akademiese jaar 2023 op 8 875 te staan, wat 2,4% meer is as in 2022.


Ons is veral trots op ons 319 doktorale graduati – die meeste sedert 2020. Daarbenewens het ons eredoktorsgrade verleen aan proff James Robinson en Leonard Wantchekon vir hulle onderskeie bydraes tot wetenskap vir die samelewing.

(*Verdere inligting oor ons gradeplegtighede in Maart 2024 is te kry in die Bylaag by die Rektor se Bestuursverslag en in die volledige gradeverslag.*)

## 3. Oorsig van voorgraadse inskrywings in 2024

Die grafieke hier onder vergelyk Suid-Afrikaanse voorgraadse inskrywings by die US volgens bevolkingsgroep aan die einde van die registrasietydperk in onderskeidelik 2024 en 2023:




*Let wel: "Onbekend" is in 2022 en 2023 in "Weerhou" omskep, wat die afwesigheid van "Onbekend" in die grafiek vir 2023 verklaar. Daarbenewens is die bevolkingsgroep van meer as die helfte van Krygskunde se studente onbekend.*

Inskrywings in die meeste bevolkingsgroepe het toegeneem. So byvoorbeeld:

- het swart Afrikaan-inskrywings met 14,90% toegeneem van 4 090 tot 4 700;
- het Indiër-inskrywings met 6,8% toegeneem van 725 tot 774; en
- het wit inskrywings met 3,3% toegeneem van 11 729 tot 12 117.

Vir verdere inligting, raadpleeg gerus die volledige voorgraadse inskrywingsverslag van ons Afdeling Strategiese Inisiatiewe en Inligtingsoorsigbestuur.

## 4. Voorgraadse studentewerwing vir 2025 in volle gang

Ons besef hoe belangrik diversiteitswerwing is om 'n akademies sterk studentegemeenskap te bou wat uit diverse omgewings kom. Dít is waarom die US van datagedrewe werwingsbeplanning, skoolbesoeke, digitale bemarking, 'n omvattende webtuiste vir voornemende studente (www.maties.com) en deelname aan loopbaanuitstallings gebruik maak om die grootste moontlike gehoor te bereik.

Ons werwingspogings word verder ondersteun deur vennootskappe met rolspelers soos die Departement van Basiese Onderwys en onderwysorganisasies sonder winsoogmerk, veral op die gebied van wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde. So byvoorbeeld werk die Studentewerwingspan sy aan sy met die Kutlwanong Sentrum vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie om met belowende leerders in township- en landelike skole te skakel.

Ons het in 2024 ons mikpunte vir voorgraadse eerstejaarinskrywings oortref, en veral ons swart Afrikaan-inname het aansienlik toegeneem. Fakulteite soos AgriWetenskappe, Ingenieurswese, Natuurwetenskappe en Opvoedkunde het sommer heelwat meer eerstejaars ingeneem as wat hulle beplan het.

Met die oog daarop om toppresteerders vir US-studie in 2025 te werf, het Studentewerwing in die verslagtydperk met meer as 80 000 hoërskoolleerders geskakel, aan verskeie loopbaanuitstallings deelgeneem, en veldtogte soos #wiejyword onderneem.





*US-werwer Bongi Mdingi in aksie by St David's Marist College in Sandton (links) en die Hoërskool Cambridge in Oos-Londen (bo).*

## 5. Maties Sport vinnig uit die blokke

Die begin van die jaar was bedrywig vir Maties Sport, wat aan verskeie byeenkomste en toernooie deelgeneem het. Die Maroen Masjien het om die Varsitybeker meegeding, en was van 4 tot 6 April ook die trotse gasheer vir Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) se atletiekkampioenskapstoernooi by die Coetzenburg-atletiekbaan.

Boonop het ons op sosiale media sowel as Maties Sport se webblad gespog met ons studente-atlete wat in Maart gegradueer het.

Span SA het derde geëindig by die **13de Afrikaspele** in Ghana van 8 tot 23 Maart, en Maties Sport-atlete het uitsonderlik presteer. Mire Reinstorf (*onder heel links*) het 'n nuwe paalspringrekord opgestel, George van Heerden (*middel*) het die eerste kriekethonderdtal in die geskiedenis van die Afrikaspele aangeteken, en swemmer Petrus Truter (*tweede van links op die foto heel regs*) het goud gewen in die 4 x 100 m-wisselslag.








Maties Krieket het koning gekraai in die heel eerste **Goldrush Boland Superliga** deur die Paarlse Krieketklub in die eindstryd op 23 Maart met ses paaltjies te klop (*sien foto langsaan*). Drie Maties-spelers – Jason Muirhead, Gysbert



Wege en Boago Gaoraelwe – is daarna ook by die ‘Span van die Toernooi’ ingesluit.

Netbalspelers Syntiche Kabuya, Lisa Ingwersen en Renezia Andrews (*van links na regs hier onder*) het uitgeblink in die **Afrika-kwalifiseerders vir die Wêreldbekernetbaljeugtoernooi van 2025**. Sowel Syntiche as Renezia het Speler van die Wedstryd-toekennings gewen.









## 6. US die tuiste van Afrika se eerste Beleidsinnovasielaboratorium

Ons het vroeg in April Afrika se eerste Beleidsinnovasielaboratorium amptelik bekend gestel. Die Laboratorium is in ons Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke geleë. Dit is in vennootskap met die Suid-Afrikaanse presidensie, die Duitse regering en die Bill & Melinda Gates-stigting tot stand gebring om te bepaal hoe datawetenskap en kunsmatige intelligensie gebruik kan word om die uitdagings van beleidmakers die hoof te bied. Die Laboratorium sal met kenners by universiteite landwyd én met rolspelers van die openbare sektor en burgerlike organisasies saamwerk om beleidsinnovasie te ondersteun en die verwesenliking van die 17 volhoubare ontwikkelingsdoelwitte (SDG’s) te bespoedig.

As die toonbeeld van navorsing vir impak, dra die Laboratorium ook aktief by tot Suid-Afrika se tweede SDG-verslag, of ‘vrywillige nasionale oorsig’ (VNR). Die VNR is byna gereed en sal in Julie aan die hoëvlak- politieke forum van die Verenigde Nasies voorgelê word.



*Bo: US-kollegas by die bekendstelling van die Beleidsinnovasielaboratorium saam met verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse presidensie, die Bill & Melinda Gates-stigting en die Duitse Agentskap vir Internasionale Samewerking.*

Matshidiso Masire van die Bill & Melinda Gates-stigting het die US by die bekendstellingsgeleentheid geloof vir ons verbintenis tot samewerking. Sy het ook die sentimente van Thulani Mahlangu van die Duitse Agentskap vir Internasionale Samewerking beaam oor die Laboratorium se rol in die bevordering van inklusiwiteit en innovasie. Lawrence Matemba, 'n hoofbeleidsontleder in die Suid-Afrikaanse presidensie, het op sy beurt benadruk dat die Laboratorium 'n kernbydraer sal wees tot Suid-Afrika se digitale transformasie én pogings om 'n beter lewensgehalte vir almal te skep.

## 7. Stadspleinprojek sal transdissiplinêre innovasie bevorder

Ons was trots daarop om in Maart ons Stadspleinprojek van stapel te stuur – 'n baanbrekerprogram wat beoog om transdissiplinêre navorsing te bevorder en innovasie in die US se akademiese gemeenskap aan te moedig. Die inisiatief word deur die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) bestuur en is 'n groot stap vooruit in ons strewe na navorsingsuitnemendheid en samelewingsimpak.

Stadspleine is dinamiese oop ruimtes in die US se 'stedelike navorsingslandskap' waar navorsers uit diverse vakrigtings kan saamkom en skakel. Die gedagte is dat dit nuwe inter- en transdissiplinêre gesprekke en samewerking sal bevorder om te sorg dat ons navorsing 'n blywende positiewe impak het.

As deel van ons groter institusionele strategiese tema "Navorsing vir impak", sal ons Stadspleine oplossings bedink vir komplekse omgewing-, gesondheid- en volhoubaarheidsuitdagings, met die klem op praktykgerigte, samewerkende en toepaslike navorsing. Deur die inisiatief sal navorsers dinkskrums hou, met vernuwende fokusgebiede vorendag kom, en opleiding ontvang in betrokke navorsing, openbare skakeling, die opstel van begrotings en die skryf van navorsingsvoorstelle. Sodoende word hulle toegerus om 'n sinvolle impak op die samelewing te hê.

## 8. SUNRISE 'n nuwe daeraad vir uitnemendheid by die US

Ook SUNRISE ("Stellenbosch University Research and Innovation Strategic Excellence") is in Maart bekend gestel. Dié program beoog om die US se top-akademici op hulle reis na professorskap te ondersteun. Die doel is om 'n dinamiese groep toppresteerders te skep wat die kern kan uitmaak van 'n lewenskragtige, inklusiewe en ondersteunende US-akademiese gemeenskap, bekend vir hulle uitnemendheid en vakkundige samewerking.

Die eerste kohort bestaan uit 35 genote van oor die hele Universiteit. Die teikengroep is midloopbaan-akademici wat intellektuele en navorsingsuitnemendheid aan die dag lê en verbind is tot 'n loopbaan wat op professorskap kan uitloop.

Die inspirasie vir SUNRISE was die uiters suksesvolle nasionale program vir 'n toekomstige geslag professore (FPP), waarvoor tien van ons akademiese personeellede tot dusver gekies is. Op grond van die sukses en die voor die hand liggende voordele van die FPP, wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gefinansier word, het die US die

strategiese besluit geneem om 'n soortgelyke program te skep wat spesifiek op ons eie akademici afgestem is.

Met 'n jaarlikse inname van sowat 40, beoog SUNRISE om oor die volgende drie jaar tot en met 120 genote in te neem.

## 9. Gesamentlike viering van onderrig, leer en assessering




Ons universiteit se viering van onderrig, leer en assessering (OLA) op 5 Maart het erkenning verleen aan akademici se uitsonderlike werk om OLA in hulle fakulteite en deur die res van die US te bevorder.

Die Viserektor: Leer en Onderrig het ons OLA-kampvegters vir hulle toewyding bedank, en klem gelê op die deurslaggewende rol van uitnemende OLA-praktyke om ons instelling Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te maak. Hy het ook die US se volgehoue hoë voorgraadse suksessyfer beklemtoon en die instelling opnuut daartoe verbind om hierdie reputasie deur voortgesette OLA-steun en -verryking te handhaaf.

Daarbenewens was die viering 'n kans om personeellede wat aan verskeie OLA-verwante geleenthede van die Afdeling Leer- en Onderrigverryking deelgeneem het geluk te wens. Dít sluit in die wenners van die US se Onderrigtoekennings, ons onderriggenote, TAU- ("Teaching Advancement at University"-)genote, beursontvangers, en diegene wat die kortkursus in onderskeidelik die Akademieskap van Onderwysleierskap en assessering voltooi het.

## 10. Ál hoe meer belangstelling in ons handelsmerk-identiteit

Ons is bly om op te merk dat die US-gemeenskap toenemend by ons handelsmerk-inisiatiewe begin inskakel. Die implementering van ons handelsmerk-identiteit duur voort, en die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking werk gereeld die handelsmerkwebblad by. Data van Google Analytics dui op aansienlike groei in die getal gebruikers van dié blad, wat die toename in belangstelling bevestig.

'n Onlangse toevoeging tot die webblad is die pas uitgereikte US Stylgids, wat as 'n waardevolle hulpbron oor ons instelling se huisreëls vir kommunikasie in Engels dien. Die bedoeling is dat dit saam met die bestaande handelsmerkgereedskapkis en die toekomstige inhoudstylgids gebruik word. Die gesamentlike oogmerk van hierdie hulpbronne is om konsekwente en impakryke kommunikasie te verseker. Soortgelyke gidse vir Afrikaans en Xhosa word tans opgestel.

Daarbenewens gaan ons voort om personeellede, studente en vennote in handelsmerkkommunikasie op te lei, onder andere deur toegespitste werksessies met fakulteitspersoneel om in hulle spesifieke behoeftes te voorsien en praktiese wenke vir handelsmerk-implementering te bied.

Die tweede verwelkomingsgeleentheid (*raadpleeg die Bylaag by die Rektor se Bestuursverslag vir verdere besonderhede*), die Varsitybekerwedstryde en die Maart-gradeweek het in die verslagtydperk as platforms gedien om ons handelsmerk-identiteit verder onder sowel interne as eksterne rolspelers te bevorder.

## 11. Opleiding van welstandsambassadeurs aan die gang

Ons program vir US-welstandsambassadeurs is in Mei bekend gestel. Altesaam 45 personeellede uit sowel akademiese as steundiensomgewings het reeds aangebied om as ambassadeurs te dien. Hulle hoofrol sal wees om as kampvegters vir die Universiteit se welstandsdienste op te tree, met deernis na kollegas se kwessies te luister, en hulle na die gepaste hulpbronne en dienste te verwys. Terselfdertyd sal die ambassadeurs ons ook bystaan om probleemgebiede te identifiseer.

Ons voornemende welstandsambassadeurs sal die aanlyn ko-kurrikulêre opleiding van Higher Health voltooi, en ons eie welstandspersoneel sal ook in die loop van die jaar opleiding voorsien.

Die vrywilligers is divers wat geslag en ouderdom betref.

## 12. US Gesondheid- en Welstandsimposium ondersoek institusionele sorgkultuur

Ons het op 19 April ons eerste Gesondheid- en Welstandsimposium aangebied. Die tema van die geleentheid was "Die bevordering van 'n institusionele sorgkultuur", en die sowat 120 deelnemers het besin oor die vaslegging van personeelgesondheid en -welstand in die US se institusionele kultuur. Die hoofspreker was prof Soraya Seedat, 'n uitgelese professor in Psigiatrie by die US en die uitvoerende hoof van ons Departement Psigiatrie. Haar kundigheid op die gebied van posttraumatiese stres- en angsversteurings sowel as risiko en veerkragtigheid by adolessente en volwassenes het vir 'n boeiende praatjie gesorg. Van die ander onderwerpe wat bespreek is, was die bestaande welstandsinisiatiewe by die US, die werk van die CIRCoRe-werkstroom oor institusionele kultuur, die gesondheid- en welstandsverantwoordelikhede van individue en organisasies, fisiese gesondheid, die MaRooN-paspoort, en afrigtingskringe.

## 13. Hou 'n wakende oog oor kampusmisdaadtendense

Kampussekuriteit het die afgelope paar jaar 'n welkome afwaartse tendens in misdaadvoorvalle aangemeld, veral gedurende en ná die Covid-19-pandemie. Ongelukkig het dié tendens oënskynlik in die laaste paar maande verander met 'n kommerwekkende toename in misdaad, veral geringe misdaad en diefstal uit voertuie. Ondanks Kampussekuriteit se omvattende bewusmaking- en waaksaamheidsveldtog in samewerking met die Studenteraad, hou diefstal van selfone, handsakke en skootrekenaarsakke aan toeneem. Die voorvalle vind dikwels plaas wanneer studente tussendeur klasse in groepe saamkuier.

Volgens die beeldmateriaal van ons sekuriteitskameranetwerk vermom die diewe hulle oënskynlik as studente. Hoewel die beeldmateriaal ons insig bied in hulle taktiek, bly dit uitdagend om verdagtes aan te keer en strafsake aanhangig te maak. Kampussekuriteit gaan voort om met koshuiskomitees, die polisie en studente-unies saam te werk om veiligheidsmaatreëls en kommunikasie te versterk.

## 14. Hou tred met ons 'voedselspoor'

Ons het begin met die implementering van die Klimato-sagteware waarmee ons die koolstofvoetspoor van alle ete-opsies op kampus sal kan bepaal. Demonstrasies word tans aangebied. Gebruikers is geregistreer, en ons is nou besig om die bestanddele van die verskillende spyskaarte op die stelsel in te voer.

# SLOT

'n Kernboodskap uit die THE Pan-Afrika-universiteitsberaad, waarvoor ons in die verslagtydperk medegasheer was, was dat onderwys, innovasie en billikheid noodsaaklik is om 'n volhoubare kennisekonomie in die hoëronderwyssektor in Afrika te skep, en dat dít noodwendig multi-, inter- en transdissiplinêre navorsing vereis. Ek is trots daarop om te kan sê dat die US sterk koers hou op hierdie pad en doelgerig streef na kennis en innovasie wat dissiplinêre grense oorsteek.

# MEDEWERKERS

*Die Rektor se Bestuursverslag is saamgestel deur die Uitvoerende Kommunikasie-ondersteuningspan in samewerking met prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, sowel as Mohamed Shaikh, uitvoerende bestuurder in die Rektoraat, en Melissa Douman, bestuurder van Uitvoerende Kommunikasie. Redigeer- en vertaaldienste is gekoördineer deur die US Taalsentrum en voorsien deur hulle medewerker Hendrien Swanepoel. Ons erken ook graag die volgende medewerkers, wat hier onder volgens US-verantwoordelikheidsentrum gelys word:*

**Bedryf en Finansies:** Prof Stan du Plessis, Finansies (Manie Lombard & span), Fasiliteitsbestuur (Nicolette van den Eijkel & span), Informasietegnologie (dr Antoinette van der Merwe & span), Maties Sport (Ilhaam Groenewald & span), en Innovus (Anita Nel & span)

**Leer en Onderrig:** Prof Deresh Ramjugernath, dr Choice Makhetha, dr Karin Cattell-Holden, dr Anthea Jacobs, Claudia Swart-Jansen van Vuuren, Charmaine van der Merwe, dr Nicoline Herman, dr Gert Young, Renelle Terblanche, Jan Petrus Bosman, Arné Binneman, Sanet de Jager, Angela Govender, Fatima Halday, Stembele Johnson, Susan Lotz, Michelle Pieters, Rose Richards, Selene Delport, Helga Sykstus, Juanli Theron, Marguerite van der Waal, dr Kim Wallmach, André Müller, Khairoonisa Foflonker, Lynne Rippenaar-Moses, Jethro Georgiades, dr Ruth Andrews, Anele Mdepa, Jaco Greeff-Brink, Qaqamba Mdaka, Michelle Munro, dr Jill Ryan

**Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie:** Prof Sibusiso Moyo, prof Johann Mouton, Maryke Hunter-Hüsselmann, Sibusiso Lukhele

**Registrateur**: Dr Ronel Retief, dr Celeste Nel, Bruce Banda, Ashmind Daniels, Farah Fredericks, Anne Havemann-Serfontein, Freek Truter, Beire Kramer, Salot Hanekom, Penny van der Bank, Charmaine Wing, Che Bermosky, Felecia van Rooi, Robert Young, Jonathan-Dale Blanckenberg

**Sosiale Impak, Transformasie en Personeel:** Prof Nico Koopman, dr Jo-Anne Kirby, dr Lynne Julie, Sue Crumpton, dr Haidee Williams, dr Ryno Botha, suster Anneke van Heerden, dr Craig Thompson, dr Pierre Viviers, Shibu Mamabolo, Ulrich Wolff, Ricky Brecht, Johannes Adams, Elvandre Galant, dr Marietjie Oelofsen, Natasha Coltman, Renee Hector-Kannemeyer, Chevaan Peters, Jubelian Korkie, Katlego Letlonkane, Shanté Neff, dr Zethu Mkhize, dr Leslie van Rooi, Joanne Williams

**Strategie, Globale en Korporatiewe Sake:** Prof Hester Klopper, dr Wayne Muller, Christelle Feyt, Tertia Kruger, Cristal Peterson, Naudé van der Merwe, Amira Brown, Marguerite Cloete, Marick Hornsveld, Candes Keating, Michelle Swart, Martin Viljoen, dr Alec Basson, Magdel Pretorius, Leon Eygelaar, Jerall Toi, dr Barbara Pool, Lidia du Plessis, dr Nico Elema, prof Sarah Howie, Sarah van der Westhuizen